# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
# VRAESTEL 1 – SEPTEMBER 2015
# NASIENRIGLYNE

==================================================================

**Afdeling A**
**Vraag 1**

1.1. Nkandla (1)

1.2. Dit is 'n plek / huis / plaas / woonstel waar 'n mens kan **uitspan of rus / wegkom / ontspan** van alles af . (1)

1.3. Vorige (1)

1.4. ONWAAR (1)
"... vir die **verfraaiing en uitbreiding** van die weelderige paleiskompleks." (1)

1.5. Hulle het na die paleis toe gegaan om te kyk hoe mooi die paleis was. / Foto's gaan neem. (1)

1.6. Sentraal-Afrikaanse Keiserryk. (1)

1.7. 17,4 miljoen rand (1)

1.8. C (Dit is moeilik om die huis veilig te maak om in te bly) (1)

1.9. Die Withuis; Camp David (2)

1.10. Angela Merkel se huis is klein / eenvoudig / beskeie en Viktor Janoekowitsj se huis is groot / luuks / oordadig / weelderig. (1)

1.11. A: Jacob Zuma (1)
B: minste (1)
C: vermeerder (1)

**[15]**

==================================================================

**Vraag 2**

2.1. "wêreldwye erkende diplomakursus" **(Moet aanhaal!)** (1)

2.2. Die vak word al die **afgelope 10 jaar** aangebied. (1)

2.3. * Mense wat onafhanklik kan werk – **selfstudiemetode** word gebruik. (2)
* Matrikulante wat kort kursus wil volg – nie so lank soos graadkursus nie. (2)

2.4. Die dosente is voltyds tot die studente se beskikking. (1)

2.5.1. ONWAAR – "kan regdeur die jaar inskryf" (2)
2.5.2. ONWAAR – "95% van ROS student het al 'n werk …" (2)

**[11]**

==================================================================

Vraag 3

3.1. Die man vee sweet af.
Daar is net sand en grond.
Die plantjie is verlep en droog.
Die hond lyk moeg en kwyl van die hitte.
Die vrou se oë hang. **(ENIGE TWEE)** (2)

3.2. ’n Windpomp (1)

3.3. By Nkandla is ’n groot swembad waarin hy kan gaan afkoel. Die brandpoel. (1)

**[4]**

**Totaal Afdeling A: [30]**

==========================================================================

Afdeling B

Vraag 4

Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:

Elke punt / sin tel 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.

- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Slegs een feit per punt word aanvaar.
- Kommas en voegwoorde mag gebruik word.
- Indien al 5 sinne foutloos is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Merk dan negatief: maksimum 4 taalfoute van 'n ½ punt elk (die kandidaat verloor dus 'n maksimum van 2 punte vir taal). Dieselfde fout word nie 2 maal gepenaliseer nie, en taalfoute in verkeerde feite word ook nie gepenaliseer nie.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie.
- Minus 1 vir elke direkte aanhaling.
- Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.
- “'n” en “die” tel as deel van die woordtelling.
- Penaliseer as die aantal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- Beplanning **MOET** doodgetrek word.

***LEERDER MOET ELKE SIN MET ’N WERKWOORD BEGIN.***

**1. Bestudeer die kleur van die wyn deur die glas na die kant te kantel.**

**2. Spoel die wyn rond in die glas sodat dit kan asemhaal.**

**3. Neem die wynglas en hou jou neus naby die wyn om die aroma van die wyn te toets.**

**4. Neem ’n slukkie van die wyn en spoel dit in jou mond rond.**

**5. Sluk die wyn in en beoordeel sodoende die nasmaak van die wyn.**

**(68 woorde)**

**Totaal Afdeling B: [10]**

==========================================================================

**<u>Afdeling C</u>**
**<u>Vraag 5</u>**

5.1. Die spreker sê dat hy **net soos Antjie** ook vir sy ma 'n brief skryf. (1)

5.2. **plastiekblomme** EN **wit skoene** hoort NIE by sy ma nie. (2)

5.3. Die spreker skrik vir homself omdat hy as volwassene so anders is as wat hy was toe hy jonger was. **(Enige soortgelyke antwoord.)** (1)

5.4. hare is lank / wil oorbel dra / bid amper nooit / glo nie sommer in God nie / skryf oor dood **(ENIGE TWEE)** (2)

5.5. **NEE** – hy maak wel van leestekens gebruik. (½ + ½)

5.6. 'n Volwassene kan nie 'n kind wees nie. (2)

5.7. "'skuus Mammie" **(Moet aanhaal!)** (1)

**[10]**

===========================================================

**<u>Vraag 6</u>**

6.1. Die spreker se ouers is gelukkig getroud en het twee kinders uit die huwelik wat hul gelaatstrekke geërf het. (Enige soortgelyke verduideliking.) (1)

6.2. "Eet lae-GI-hawermout / groente, vrugte, witvleis en min sout" (**Moet aanhaal!)** (2)

6.3. Die gesin wil gesonde liggame hê. Die gesin wil maer/slank wees. (Enige relevante antwoord.) (1)

6.4. 'n Kliek is 'n groepie wat uit uitgesoekte persone bestaan. Hierdie gesin behoort tot 'n vriendegroep wat dieselfde belangstellings koester. (Enige relevante antwoord.) (2)

6.5. Die spreker se skuldgevoel / obsessie om perfek te wees word beklemtoon. (1)

6.6. bulimie (1)

6.7. Die gedig handel oor die feit dat gesinne probeer voorgee asof alles perfek is, maar agter die skerms is daar dalk probleme waarvan die gemeenskap nie bewus is nie. (2) (Enige relevante antwoord.)

**[10]**

===========================================================

## Vraag 7

| 7.1. | 7.2. |
|---|---|
| rr. 1–37 | rr. 38–41 |
| Rustig, alles onder beheer, baie vervelig, tog ook baie veilig, die gewone dinge binne die doodgewone huishouding, geen musiek hoewel klanke van die radio genoem word. | Opwindend tog gemengde gevoelens van vrees en begeerte. Doodgewoon word nou revolusionêr, musiek bring buitengewone energie na vore. |

(2)

7.3. Die on-voorvoegsels dui op die teenoorgestelde: "onskadelik" dui aan dat dit nie skadelik is nie. / Die on-voorvoegsels berei die leser voor op iets wat moontlik later wel kan gebeur. / Die on-woorde berei die leser voor vir dit wat in die laaste vier versreëls gebeur. / Die gebruik van die prefikse dui op kalmte en rustigheid (1)

7.4. **D** (Onomatopee) (1)

7.5. Die voorbereiding vir die wending begin in **reël 30** met die woorde **"maar terwyl die kerktoring ewe standvastig as laas week …"**. (1)

7.6. Die werklike wending vind eers plaas vanaf **reël 38.** (1)

7.7. 7.7.1. LETTERLIK: Die huisgesin hou hande vas tydens die aandgodsdiens wanneer hulle bid. (1)

7.7.2. FIGUURLIK: Hande vat beteken dat ’n groep mense saamstaan – ’n verenigde front vorm. (1)

7.8. **vrees** – om baie bang te wees & **begeerte** – om iets baie graag te wil doen of hê. (Leerders hoef nie die emosies te beskryf nie – kan hulle slegs noem.) (2)

**[10]**

**Totaal Afdeling C: [30]**

==========================================================================

**<u>Afdeling D</u>**
**<u>Vraag 8</u>**

**Let wel: Korrekte spelling word vereis.**

8.1. Wo.
8.2. halfsewe
8.3. wakker
8.4. vroeër
8.5. betyds
8.6. lampie
8.7. saans
8.8. twaalf
8.9. by
8.10. waarin
8.11. stokoud
8.12. kinderspeletjies
8.13. lesse
8.14. moeilik
8.15. goeie
8.16. hy

**[16 x ½ = 8]**

==========================================================================

**<u>Vraag 9</u>**

9.1. In die verlede **het** die man eksperimente by die tafel **gestaan en doen.** (1)

9.2. In die toekoms **sal** die vrou etes vir haar gesin **moet** voorberei. (1)

9.3. Nee, daar is **nie meer** skoon potte in die kombuis **nie.** (1)

9.4. Die kinders behoort hul ma met die skottelgoed **te** help. (1)

9.5. Die seuntjie wat met sy sussie **praat, dra** 'n gestreepte hemp. **OF**
Die seuntjie met die gestreepte hemp praat met sy sussie (1)

9.6. Die vrou staan voor die stoof om **kos te maak.** (1)

9.7. Die sous in die pot **is deur die vrou geroer.** (1)

9.8. Die dogtertjie sê dat die kat bang **is** wanneer **sy** die rookwolke sien. (1)

9.9. Al **probeer** die man hard, **is** sy eksperimente steeds 'n flop. (1)

9.10. Nadat die man hamburgers **gemaak het, moet (moes)** hy alles opruim. (1)

9.11. Die vrou **maak** die venster in die kombuis **oop.** (1)

9.12. Gister het die kat geweet toe die kos sleg was. (1)

**[12]**

==========================================================================

Vraag 10

**[Woordtelling: 12–18 woorde]**

**Elke sin tel 2 punte: 1 punt vir inhoud en 1 punt vir taal.**
**Spelling tel nie!**
**Trek ½ punt af vir elke TIPE taalfout tot 'n maksimum van 1 punt.**
**Trek eenmalig 1 punt af vir woordtelling wat te lank of te kort is.**

10.1 **[Die pa se ontsteltenis moet duidelik blyk]**
Ek kan nie glo hoe swak jou punte is nie; het jy ooit geleer? / Ek is ontsteld.

10.2 **[Die seun moet redes gee]**
Die vraestelle was te moeilik en hulle het goed gevra wat nie een van ons kon doen nie.

10.3 **[Pa is geskok en moet die seun straf]**
Ek is geskok oor jou punte en jy is vir die volgende maand gehok.

10.4 **[Onderwyser se bekommernis moet duidelik blyk]**
Ek is besorg / bekommerd oor jou punte en jou toekoms, maar dit is nie die einde van die wêreld nie. / Daar is nog tyd om te leer voor die finale eksamen.

10.5 **[Seun toon berou en weet dat hy harder moet werk]**
Ek is jammer dat ek so swak gevaar het. Ek belowe om harder te werk en beter te konsentreer.

**[5 x 2 = 10]**

**Totaal Afdeling D: [30]**

==========================================================================

## GROOTTOTAAL: [100]